

18

SIMSON

Luister na die Here! Hy verwag dat ons reg sal leef

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God verwag van ons om reg te leef.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- hulle leef soms anders as wat God van hulle vra.
- verkeerde dade het slegte gevolge – God straf ongehoorsaamheid.
- God stuur leiers om mense op die regte pad terug te bring.
- God vergewe en gee uitkoms as mense berou het.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees –

- tot toewyding, opregtheid en dankbaarheid.
- om te doen wat reg is.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- die hooftrekke van Simson se verhaal weer te gee.
- voorbeelde te noem van mense wat nie volgens God se wil leef nie.
- voorbeelde te noem van mense wie se lewens ten goede verander het.

MEER INLIGTING (Rigters 13, 14, 16)

Die geskiedenis van Simson begin by die Israëliete wat van God afgedwaal het. Die Here het hulle gestraf deur die Filistyne oor hulle te laat heers. Wanneer die Israëliete berou gehad het oor hul sonde, het die Here hulle gered. So het Hy Simson ook gebruik om hulle te red uit die hande van die Filistyne.

In Simson se geskiedenis sien ons voortdurend die volgende:

- Israel het 'n voorneme gehad om aan God toegewy te wees, maar telkens raak hulle weer ontrou.
- Wanneer Simson toegewy aan die Here gelewe het, het dit goed gegaan – wanneer hy weggedwaal het, het dinge verkeerd geloop.
- Veral wellus (mooi vrouens en prostitute) en oordrewe geweld het sy ondergang bewerk.
- Hy was die *slagoffer* van bedrog, manipulasie en afpersing, maar hy maak *homself* ook daaraan skuldig.

Die boodskap uit Simson se geskiedenis is dat verkeerde optrede soos Israel se ontrouheid, Simson se ongehoorsaamheid, Delila se bedrog, ensovoorts, tot ondergang lei. God se optrede, sy ingryping en sy genade lei egter tot redding en uitkoms. Die rede waarom hierdie geskiedenis vir ons opgeteken is, is nie sodat ons die begeerte moet hê om ook die krag van Simson te kry nie, maar om ons te herinner om altyd te lewe volgens God se wil.

AANBIEDING

Jy het nodig

Lees Rigters 13-16 om jou geheue oor Simson op te skerp.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel wat hulle gedurende die afgelope week vir iemand gedoen het sonder om iets terug te verwag.
- Laat een of twee kinders vertel wat die reaksie was op die foto's wat hulle gewys het.
- Kontroleer of hulle Matteus 6: 1 ken: *Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra wie weet iets van Simson af. Laat enkele kinders kortliks vertel wie Simson was.

IETS INTERESSANT

Vertel die volgende, of lees dit gevoelvol voor:

Die engel van die Here het aan Manoag en sy vrou verskyn en gesê dat hulle 'n seun sal hê. Hierdie seun moet aan die Here gewy wees. Hulle mag nooit sy hare sny nie. Terwyl sy ma met hom swanger was, moes sy geen onrein kos eet of wyn of bier drink nie. Toe hy gebore is, het hulle hom Simson genoem.

Simson het volwasse geword en vir twintig jaar die Israeliete teen die Filistyne gelei.

Simson was 'n baie sterk en kwaai man. Hy het eenkeer toe hy op pad was na 'n meisie toe, 'n leeu met sy kaal hande doodgemaak. 'n Ruk daarna, toe hy met haar gaan trou het, het hy by die leeu se karkas verbygeloop en gesien dat bye in die karkas nes gemaak het. Hy het van die heuning geëet wat in die karkas was. Hy maak toe 'n raaisel, wat hy by sy troue vir dertig van die manne gevra het. *Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets.* As hulle die antwoord ken, sal hy vir elkeen 'n stel klere gee. As hulle dit nie ken nie, moes elkeen vir hom 'n stel klere gee. Hulle kon nie die antwoord kry nie. Nadat Simson se vrou vir sewe dae aanhou neul het by hom, het hy vir haar die antwoord gegee. Sy het hom verraai en agteraf vir die dertig mans die antwoord gaan gee. Simson was só kwaad dat hy dertig ander mans gaan doodslaan het en hul klere vir die dertig manne by die troue gegee het.

Daarna het hy ook, toe hy kwaad was, drie honderd jakkalse se sterte aan mekaar vasgemaak en brandende fakkels aan hul sterte vasgebind, en hulle deur die Filistyne se lande gejaag.

Later het Simson op 'n ander vrou verlief geraak. Haar naam was Delila. Die leiers van die Filistyne het haar baie geld aangebied om hom te verlei en uit te vind hoekom hy so sterk is. Na Simson haar 'n paar keer met 'n verkeerde antwoord om die bos gelei het, het hy haar die waarheid vertel: *My hare is nooit geskeer nie, want ek is van my geboorte af aan God gewy... As my hare afgeskeer word, sal my krag verdwyn.* Terwyl Simson op haar skoot geslaap het, het sy iemand geroep en hy het Simson se hare afgesny. Sy krag was onmiddellik weg. Die Filistyne het ingestorm en hom oorrumpel. Hulle het sy oë uitgesteek en hom in die tronk gegooi.

Maar sy hare het weer gegroei, en God het hom gehelp om sy krag terug te kry. Toe die Filistyne op 'n dag fees gehou het vir hul afgod, het hulle Simson uit die tronk gaan haal. Hulle het met hom gespot. Simson het teen die gebou se pilare gaan staan en die Here gevra om sy krag terug te gee. Dit het gebeur, en Simson het die pilare uitmekaar gestoot. Die gebou het inmekaar getuimel. Hy en meer Filistyne as wat hy ooit doodgemaak het, het omgekom.

God het Simson by baie geleenthede gebruik om sy volk van die Filistyne te verlos.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Toe Simson aan die Here gehoorsaam was, het die Here hom krag gegee – Simson kon sy volk beskerm.
- Oneerlikheid en omkoperij sal 'n mens nêrens bring nie. Dit het elke keer vir die Filistyne groot moeilikheid gebring. Dit het Simson net kwaad gemaak, en dan het hy hulle doodgeslaan.
- Die Here het belowe om Simson krag te gee as hy aan Hom gehoorsaam bly deur nie sy hare af te skeer nie. Toe Simson sy hare afskeer, het hy onmiddellik sy krag verloor.
- Net so kan ons nie sterk wees sonder God nie. Ons moet gehoorsaam en getrou bly.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die volgende vrae in hul boeke lees en die antwoorde een vir een in hul Bybels opsoek by Rigters 13, 14, 16. Die kind wat eerste sy of haar hand opsteek, beantwoord die vraag. Daarna vul die kinders die antwoorde langs elke vraag in.

- Wat was Simson se pa se naam? (Rigters 13: 2) *Manoag*.
- Wie het aan Simson se ma verskyn? (Rigters 13: 3) *Die Engel van die Here*.
- Hoekom mag Simson se hare nie gesny word nie? (Rigters 13: 5) *Want hy sou van sy geboorte af aan God gewy wees.*
- Wat was die raaisel wat Simson gevra het en die antwoord daarop? (Rigters 14: 14 en 18) *Uit die eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets – wat is soeter as heuning? Wat is sterker as 'n leeu?*
- Wat was die vrou wat Simson bedrieg het se naam? (Rigters 16: 4) *Delila*.
- Wat het Simson gebid in die tempel vol Filistyne? (Rigters 16: 28) *Here my God, dink tog aan my! Maak my tog net hierdie een keer sterk, o God, dat ek my met een daad op die Filistyne kan wreek oor my twee oë!*

BY DIE HUIS

Doen

Die kinders moet die volgende gaan doen:

- Neerskryf hoe Simson hom aan die Here moes wy. (Rigters 13: 5)
- Uit Numeri 6: 1-5 sekere vereistes neerskryf hoe iemand hom of haar aan die Here moes wy.
- Neerskryf of hulle enige verskil tussen Rigters 13: 5 en Numeri 6: 1-5 opmerk.
- Voorbeelde neerskryf van waar God hulle gehelp het.
- Voorbeelde neerskryf van wat ons kan doen as ons onself aan die Here wy.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Simson se pa was Manoag.
- Simson moes sy lewe lank getrou bly aan die Here.
- Die teken daarvan was dat hy nie sy hare mag sny nie.
- Simson het sy krag verloor toe Delila sy hare laat afsny het.

Laat hulle Rigters 13: 1 memoriseer: *Die Israëliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hy het hulle veertig jaar lank oorgegee in die mag van die Filistyne.*

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 231: 3 as gebed te lees of te laat sing.

*Heil'ge God, herskep ons lewe,
en laat groei die goeie saad;
maak ons heilig in ons strewe,
in gedagte, woord en daad.
Ons wil U ons danklied bring
en u lof, o Jesus, sing.
Laat u Gees ons lei, o Here,
om te lewe, U ter ere.
Amen.*